Privaat en Vertroulik

Herkoms en Geslagsregister van Ouma Lena Swanepoel (néé Rust) se Swanepoel-familie in Suid-Afrika

Opgestel deur:

S.A Walters – Mei 2019



Samestelling van Geslagsregister:

Die stamvader word gesien as die eerste generasie (geslag) van die familie in Suid-Afrika.

Voorgeslagte van die stamvader en/of –moeder word kursief tussen krulhakies { } vermeld indien dit beskikbaar is.

Elke generasie sedert die aankoms van die stamvader in Suid-Afrika, word bo-aan die bladsy gemeld. In ander konteks, word dit as ‘n syfer tussen hakies bokant die persoon se naam vertoon.

Simbole wat gebruik word:

- • Geboortedatum
- † Sterfdatum
- ~ Doopdatum
- c circa (min of meer)
- < vroeëre datum
- > latere datum
- <> datum tussenin
- x Troudatum
- xx Troudatum - tweede keer (ensovoorts)
- dv dogter van
- sv seun van
- nvt nie van toepassing nie
- ? onbekend

Die Familiewapen verskyn as ‘n voetnota onderaan elke bladsy sowel as ‘n groot watermerk wat op elke bladsy voorkom.

SWANEPOEL AGTERGRONDSKETS

Navorsing toon aan dat die van Zwanepol in die Nederlandse provinsie Gelderland aangetref word. Daar was vroeër jare 'n jag-landgoed in die Sevenaar-distrik met dieselfde naam. Verder kom die vanne Swaenepoel/Zwaenepoel/Swanepoel volop voor in Wes-Vlaandere, daardie tyd deel van Nederland, nou België.

Die **SA-stamvader** van hierdie familie was **Petrus Swaenepoel, • 26 Jan 1678**. Hy het omstreeks 1700 as 'n soldaat vanaf Nieuwmunster, Wes-Vlaandere, na die Kaap gekom. Sy ouers en familie wat daar agtergebly het, was:

{Vader: Johannes/Johannis Swaenepoel}

{Moeder: Maria Herrebout}

{Broer en Susters: Wilhelm, Helena, Maria en Judoca}

Hier aanlande verander sy naam na **Pieter Jansz Swanepoel** (Jansz, beteken 'seun van Jan').

Pieter Jansz was 'n vroeë setlaar in die Land van Waveren (Tulbagh). Hy kry op 17 September 1709 toestemming om oor die Breederivier te laat wei.

Pieter Jansz Swanepoel trou op 1 Mei 1712 met die Jodin **Maria Sibella Sachs** op Stellenbosch. Sy was die weduwee van Johann Christoffel Haak en haar ouers en familie was:

Vader: Joachim Sachs van Egeln, Duitsland

Moeder: Susanna Holswig

Kinders: 2 broers en 1 suster van Maria

Joachim besit die plaas Sachsenburg aan die Kuilsrivier naby Stellenbosch

Maria Sibella Sachs is dus die **stammoeder** van die Swanepoel-familie.

Pieter Jansz neem in 1715 deel aan 'n kommando om vee terug te kry van Hottentotte. Terwyl hy en ene Joost Bevernagie die Hottentotte agtervolg, word hy in die bobeen met 'n assegaai gewond. Later word Lammert Lammerts van Oldenseel in die maag gewond en, ten spyte van sy vriende se pogings om sy uitstulpende derms terug te druk, sterf hy op 6 Des en word begrawe op Brandewijns Fontein.

Pieter Jansz word ‘n Vryburger in die Drakenstein-distrik en verkry die huurplaas, Nieuw Munster in 1716. Sy handtekening op 27 April 1716 was:



Sommige van ons direkte voorsate was mense wat diep spore in die gemeenskappe waar hulle betrokke was, sowel as in die harte van hulle nasate, getrap het. Voorbeelde hiervan was:

Grootmoeder Wessels (Margaretha Susanna, gebore Radyn) het bekend gestaan as ‘Ouma See’. Sy en haar man se laaste rusplek (onder) is in Onrustrivier se begraafplaas:



Hulle dogter, Margaretha Susanna (• 13 Aug 1891 † 14 Jan 1953 Krugersdorp), Ouma van vele Swanepoels, was getroud met Pieter Andries Swanepoel (• 9 Aug 1874 † 19 Okt 1940 Grabouw). Hy was die tweede eienaar van (geslag op) die bekende appelplaas Oudebrug buite Grabouw. Nadat hy dit verkoop het, besit hy ‘n Houtsaery op Grabouw en dien o.a. op die Dorpsraad en Kerkraad. Sy eggenote, ouma Magrieta (foto onder) was ‘n Kleuterskool onderwyser en Orreliste van die NG Kerk.

Haar seun, Jurie Swanepoel (broer van Ouma Lena), was mynkaptein, burgemeester van Onrustrivier en Lid van die Volksraad vir Kimberley.

‘n Ode aan Ouma/Ma Lena Rust (néé Swanepoel) deur haar dogter en my vrou, Friedel:

My moeder was 40 jaar oud met my geboorte. Dit het my in my latere jare laat besef dat dit ‘n besondere voorreg was, aangesien sy toe oor baie lewenswysheid beskik het waarmee sy my lewe verryk het. Haar wyshede en ondervinding het na haar dood in 1981, so ‘n integrale deel van my geword dat ek verskeie kere al ervaar en verklaar het dat sy nie weg is nie, maar haar steeds daagliks met my bemoei.

Sy het nie net met woord nie, maar ook met daad vir ons die belangrikheid van vrouwees beklemtoon. Hoe ons sit, staan, eet, praat en veral, hoe mens jou medemens met respek behandel. Een van haar sêgoed, “mens kom nie met jou agterkant na iemand toe aan nie – hy/sy mag dink jy lyk reg rondom so”, is hier van toepassing.

Haar liefde vir musiek – met haar mooi stem het sy ons geinspireer – maak dat musiek en sang elke dag deel is van ons familie. Sy het altyd gesê: "ons het halleluja gesigte en jazz voete".

Die woordeskat wat sy gebruik het was ook eiesoortig. 'n 'Pisfoksie' of verwaarloosde kind, het ek later uitgewerk as 'n "pissed fox" en 'sê Ben' vir 'n tafelgebed, was nie aan almal bekend nie.

Ons was verplig om alle vreemdelinge as 'mnr' en 'mev' aan te spreek, ongeag kleur of stand. Ons mag nooit rassistiese opmerkings gemaak het nie. Jy moet nie net God lief gehad het nie, maar jou medemens soos jouself.

As ek terugkyk na ons drie dogters, my eie dogters en kleindogters, dan besef ek dat die liefdevolheid wat sy aan ons oorgedra het, haar finess en humorsin, besonder navolgenswaardige karaktertrekke is.

Ons familiebyeenkomste was altyd 'n fees, sy was voorwaar 'n moeder duisend en 'n lewende testament van Ouma Swanepoel.

Ander bekende Swanepoels van ons era:

Nic Swanepoel – radio- en TV-man

Koos Swanepoel – renjaer van die sewentigerjare

Aleit Swanepoel – aanbieder van TV-geselsprogram Tyd met Aleit

Geslagsregister van ons Swanepoel Familielede vanaf stamouers tot op hede

Eerste Generasie in Suid-Afrika

Pieter Jansz (Petrus) Swanepoel
(• 26 Jan 1678 Nieumunster, België † c 1772 Robertson)
sv Johannes Swaenepoel en Maria Herrebout
x 1 Mei 1712 Kaapstad
Maria Sibella Sachs
(• Egeln, Duitsland †)
dv Joachim Sachs en Susanna Holswig; weduwee van Johann Christoffel Haak

- Jan
  • c 1713 † sterf jonk
- Jan
  • < 4 Aug 1715 Swellendam † ?
- Pieter
  • < 10 Jul 1718 Drakenstein † c 1772
- Rosa (x Conradie)
  • < 13 Apr 1721 Kaapstad † 21 Apr 1767 Tulbagh
- Johannes "Johannis" "Jan"
  • < 2 Mei 1723 Paarl † 1791 <> 1793
- Jacobus
  • < 25 Nov 1725
- Hendrik
  • 6 Des 1731 Swellendam † 31 Mei 1770 Swellendam

Tweede Generasie in Suid-Afrika

Hendrik Swanepoel
(• 6 Des 1731 Swellendam † 31 Mei 1770 Swellendam)
x 23 Mrt 1755
Judith van Eeden
(• 16 Jan 1735 Swellendam, † 28 Jul 1770 Kaapstad)
dv Frederik van Eeden en Hendrina Stevens
xx Johann Heinrich Veldman

- Frederik Hendrik "Henrich"
  • c 1756 Swartebergen † 4 Sep 1855
- Jan Paul
  • c 1758 † sterf jonk
- Pieter Andries
  • 24 Mrt 1758 Stellenbosch † 6 Feb 1820 Uitenhage
- Reintje "Andriena" (x Hartman)
  • c 1761 Swartberg † ? Kaapstad
- Johannes Jacobus
  • 25 Des 1762 Swartbergen † 15 Jul 1849 Grabouw

Derde Generasie in Suid-Afrika

Johannes Jacobus Swanepoel
(• 25 Des 1762 Swartbergen, † 15 Jul 1849 Grabouw)
x 6 Jan 1788 Kaapstad
Anna Maria van Zyl
(• , †)
dv Jacobus van Zyl en Jannetjie Labuschagne
Woon op Waferen, Tulbagh distrik

- Johannes Jacobus
  • c 1791 Palmietrivier, Caledon † sterf jonk
- Johannes Jacobus
  • c 1793 Palmietrivier † 15 Jul 1849 Palmietrivier
- Johanna Wilhelmina "Janetta" (x Strydom)
  • c 1794 Tulbagh † 14 Jul 1844 Oudtshoorn
- Judit Jacoba Maria Gertruida Susanna (x Hieme)
  • 11 Mrt 1801 † ?
- Anna Maria (x Calitz)
  • c 1802 † ?

Vierde Generasie in Suid-Afrika

Johannes Jacobus Swanepoel
(• c 1793 Palmietrivier, Caledon † 15 Jul 1849 Palmietrivier)
x 28 Jan 1822 Stellenbosch
Martha Magdalena Margaretha Delport
(• c 1802 Caledon, † 8 Jun 1876 Caledon)
dv Lucas Hendrik Delport en Gloudina Johanna Johanna Hamman
Woon op Palmietrivier, Caledon

- Johanna Gloudina (x Kuun)
  • 9 Jan 1822 † ?
- Jan Hendrik
  • 17 Des 1823 Palmietrivier † 25 Mei 1877
- Maria Elizabeth Christina
  • 21 Jan 1826 Palmietrivier † ?
- Martha Margaretha Johanna
  • 20 Apr 1828 Palmietrivier † ?
- Ester Johanna Gloudina
  • 4 Jul 1830 † ?
- Pieter Andries
  • 15 Sep 1841 Overberg † 7 Okt 1895 Oudebrug, Grabouw

Vyfde Generasie in Suid-Afrika

Man/Vader:
Pieter Andries Swanepoel
(• 15 Sep 1841 Overberg † 7 Okt 1895 Oudebrug)
x 2 Nov 1868 Victoria-Wes

X

Vrou/Moeder:
Martha Johanna Geldenhuys
(• 2 Sep 1847 Caledon † 19 Jul 1922 Hermanus)
dv Nicolaas Johannes Geldenhuys en Martha Johanna Maryna Gresse

- Johannes Jacobus
  • 25 Sep 1869
  † ?
- Nicolaas Johannes
  • 24 Okt 1872
  † 3 Jan 1899 Wesselsgat
- Jacobus Andries
  • 22 Jun 1876 Caledon
  † 22 Jan 1938 Grabouw
- Hendrik Jan
  • 10 Jun 1882 Springfontein, Gariep
  † ?
- Gertruida Wilhelmina (x Marais)
  • 27 Sep 1886 Grabouw
  † 18 Mei 1936 Kaapstad
- Hendrik Jan
  • 15 Sep 1890 Caledon
  † 18 Jul 1919 Bloemfontein

- Martha Johanna
  • 6 Apr 1871
  † ?
- Pieter Andries
  • 9 Aug 1874
  † 19 Okt 1940 Grabouw
- Jan Hendrik
  • 5 Apr 1879 Elgin
  † 11 Apr 1950 Bellville
- Martha Magdalena Margaretha (Lenie)
  (x Stemmet)
  • 17 Feb 1884
  † ?
- Johanna Gloudina (x Joubert)
  • 17 Feb 1889
  † ?
- Frans Lodewyk
  • 28 Sep 1893
  † 5 Okt 1918

Sesde Generasie in Suid-Afrika

Pieter Andries Swanepoel
(• 9 Aug 1874 † 19 Okt 1940 Grabouw)
x ? De Dal, Paarl
Anna Maria Faasen (7 kinders, nvt)
(• †)
xx 31 Mei 1910 Hermanus
Margaretha Susanna Wessels (10 kinders, sien onder)
(• 13 Aug 1891, † 14 Jan 1953 Krugersdorp)
dv Jurie Wessels en Margaretha Susanna Radyn

- Jurie Wynand Fourie (Jurie)
  • 3 Apr 1911 Oudebrug † 6 Jul 1977 Kimberley
- Margaretha Susanna (Maggie) (x Uys)
  • 26 Jun 1912 Oudebrug † 3 Feb 1982
- Magdalena Martha Margaretha (Lena) (x Rust)
  • 19 Des 1913 Oudebrug † 25 Jun 1981 Pinelands
- Elizabeth Maria (Bessie) (x Nel)
  • 25 Jun 1915 Oudebrug †
- Nicolaas Jan Laurentz (Nico)
  • 25 Aug 1918 Grabouw † 29 Jul 1967 Worcester
- Susanna Magdalena
  • 6 Apr 1921 † 7 Jun 1929
- Gertruida Wilhelmina (Gerda) (x Cloete)
  • 27 Sep 1922 Grabouw † 18 Mrt 1982
- Jan Hendrik (Jan)
  22 Jan 1925 Grabouw † 29 Jul 2008
- Rena
  • 10 Nov 1930 † 9 Jul 1931
- Johanna (Joyce) (x Wauts)
  • 27 Des 1933 Grabouw †

Verdere Generasies (kan deur afstammelinge bygevoeg word)

(• , †)

sv

x

(• , †)

dv